
# God se Name – 13

## EL ELYON: “God die Allerhoogste"






**2020-05-10**

**AGS Rayton**

**Past Gustav van Aardt**



# Skrifgedeeltes

- Numeri 22-24
- Gen 14:22
- Fil 2:9
- Ef 2:4-6

# EL ELYON

- Een van die kragtigste name van God.
- Dit dra geweldige outoriteit, en dus ook outoriteit namens ons.
- Onthou El beteken "**Sterk** Een"
- El Elyon beteken die **"Allerhoogste God"** ("The God Most High")
- "The Mighty One Most High"

## EL ELYON

- Dit is die naam wat sê dat daar niks is wat bestaan wat hoër is as die Allerhoogste God nie.
- Dit beteken ook “gaan op” of “klim”.



## EL ELYON

- Die satan het probeer om hierdie plek in te neem en bo God te kom.

*Jes 14:13  En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde.*
*Jes 14:14  Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste (El Elyon)!*

## EL ELYON

- El Elyon is bokant elke demoniese mag en aanval van die bose.
- El Elyon is bokant alle omstandighede.
- Hy kry altyd die laaste woord in, en hierdie woord is "oorwinning"

VICTORY

**Openb 22:13 Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste.**

## EL ELYON

- God kanselleer, maak ongedaan, verklaar die donker en slegte plek in jou lewe nietig.
- El Elyon is die Allerghoogste God wat bo jou omstandighede sit, en Hy het die krag en mag om die dinge wat jou situasie veroorsaak of beinvloed te "overrule" of nietig te verklaar.

OVERRULE



# God Kry Die Laaste Woord in

- Verhaal van Bileam. Numeri 22:24
- Die koning van Moab (Balak) wil hê Bileam moet God se volk Israel vervloek.
- Kom met oomkoopgeld na Bileam toe.
- God sê eers Bileam mag nie saamgaan na Balak en die volk vervloek nie. Bileam antwoord hulle, maar hy los iets belangriks uit – dat die volk geseënd is.
  - *Num 22:12 Toe sê God vir Bíleam: Jy mag nie saam met hulle trek nie, jy mag die volk nie vloek nie, want hulle is geseënd. :13 Toe staan Bíleam die môre op, en hy sê aan die vorste van Balak: Gaan na julle land, want die HERE het geweier om my saam met julle te laat gaan.*
- Balak se boodskappers kom weer en hou aan by hom.
  - *Num 22:20 En God het in die nag na Bíleam gekom en aan hom gesê: As die manne gekom het om jou te roep, staan dan op, gaan met hulle saam; maar net wat Ek jou sê, dit moet jy doen.*

# God Kry Die Laaste Woord in

- Hulle tref groot voorbereidings waar Bileam die vervloeking moet doen (vanaf 'n oostelike rigting). Hoe dom kan jy kry?
- Bileam weet klaar die volk is geseënd – maar steeds gaan hy voort....
  - *Num 23:5 Toe lê die HERE 'n woord in Bíleam se mond en sê: Gaan terug na Balak, en so moet jy spreek.*
  - *Num 23:11 Toe sê Balak vir Bíleam: Wat het jy my aangedoen? Ek het jou laat haal om my vyande te vloek, en kyk, jy het net geseën!*
  - *Num 23:12 En hy antwoord daarop dít: Moet ek dan nie sorgvuldig alles spreek wat die HERE in my mond lê nie?*
- God verander die vloek in 'n seën
  - *Deu 23:5 … maar die HERE jou God het vir jou die vloek in 'n seën verander, omdat die HERE jou God jou liefgehad het.*

# God Kry Die Laaste Woord in

- Vir 'n tweede keer seën Bileam die volk in plaas van vloek. Hierdie keer van 'n ander kant af. (Num 23:13-26)
- Dit gebeur ook vir 'n derde keer van 'n ander kant af.
  - *Num 24:1 Toe Bíleam sien dat dit goed was in die oë van die HERE om Israel te seën, het hy hom nie soos die vorige kere tot towery gewend nie, maar sy gesig na die woestyn gedraai.*
  - *Num 24:2 Toe Bíleam sy oë opslaan en Israel sien soos hy volgens sy stamme in die laer staan, het die Gees van God op hom gekom.*
- Balak het baie kwaad geword
  - *Num 24:10 Toe het Balak baie kwaad geword vir Bíleam en sy hande saamgeslaan, en Balak het aan Bíleam gesê: Ek het jou laat roep om my vyande te vloek, en kyk, jy het nou al drie maal net geseën!*
- Dit gebeur ook vir 'n 4de keer van 'n ander kant af. (Num 24:15-25).

# God Kry Die Laaste Woord in

- Van watter kant jou aanvalle af kom (Noord, Suid, Oos of Wes) – God sal dit verander in seën.
- God (El Elyon ) kanselleer, maak ongedaan, verklaar die donker en slegte plek in jou lewe nietig.
- El Elyon is bokant alle omstandighede.
- Hy kry altyd die laaste woord in, en hierdie woord is "oorwinning"



## EL ELYON – Die Allerhoogste

- Abraham se broerskind Lot is weggevoer as gevangene nadat daar oorlog uitgebreek het wat Sodom en Gomorra ingesluit het.
- Melgisédek kom seën vir Abraham na die tyd.
- Abraham aanbid die Here nadat Hy vir hom oorwinning gegee het oor die 4 konings.
  - *Gen 14:22 Toe antwoord Abram die koning van Sodom: Ek hef my hand op tot die HERE, God, die Allerhoogste* ***(El Elyon)****, die Skepper van hemel en aarde,*

## EL ELYON – Die Allerhoogste

- Abraham erken hier vir God El Elyon as die hoogste gesag.
- God lig Sy kinders hoër op as enige probleem.
- Hy is hoër as enige vyand, bose mag, uitdaging
- Hy is God El Elyon

  - *Ps 91:1 Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste* ***(El Elyon)*** *sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige.*

# JESUS CHRISTUS

- Naam bo alle name
  - *Fil 2:9 Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is,*
- Ons is saam met Christus (bokant situasies)
  - *Ef 2:4 Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het,*
    *:5 ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus—uit genade is julle gered*
    *:6 en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus,*
- Sien jouself saam met Jesus bokant elke aanslag (depressie, verslawing, versoeking ens)


# Afsluiting

- Is ons elkeen ook bereid om God (El Elyon) te erken as die hoogste gesag in ons lewens?
- Het ons Hom (El Elyon) ons skuilplek gemaak?
- "Klim" jy op na Hom toe waar jy Hom ontmoet en leer ken?
- Hy verander enige vloeke en negatiwiteit in seën.
- Laat jy Hom toe om die laaste woord in te kry? (Oorwinning)
- Die Here wil alle aanvalle en omstandighede wat jou probeer onderkry nietig verklaar (overrule).
- Spreek uit in jou lewe dat jy saam met Jesus Christus oorwinning en outoriteit neem (BO) oor die vyand.



# Bronne

- The Names of God – Marilyn Hickey




- https://www.g .org/Afrikaans/God-name-van.html

# Kontak AGS Rayton

www.ags-rayton.co.za

https://www.facebook.com/groups/135697786607125/

gustavVA@gmail.com

WhatsApp: +27 66 486 5453

*Fotos is verkry vanaf https://unsplash.com/*
*The internet's source of freely usable images.*